Geroep Gewillig Gestuur

VOORBIDDING:

Wêreld: Belarus, Moldawië, Rusland en Oekraïne. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur; inwoners van Mosambiek en Zimbabwe waar Idai verwoesting gesaai het.
RSA & Dorp: Onderwys en opleiding - universiteite, tegnikons, skole, leerkragte, studente en leerders. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing. 'n Geseënde toekoms vir alle Suid-Afrikaners. Droogtegeteisterde gebiede. 'n Vreedsame aanloop tot die verkiesing.
Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Almal betrokke by kategese, jeugdiens en groepe. Christo en Ina Dippenaar: hulle dogter, Christelle en haar man, Gabriel, se dogtertjie Aliyah is baie siek - Krabbe disease. Kom ons dra hulle in ons gebede.
Baie geluk met die volgende lidmate wat vandag verjaar: Elrina Kriel (Kaneel), Elske Louw (Brandwacht aan Rivier), Neil Matthee (Buitekring), Luceel van Wyk (Bon Chretien), Ena Visser (Kronendal) en Anel Vos (Du Clair).

Hulp dringend benodig 'n Suid-Afrikaanse gesin (ma en 2 tiener seuns), wat vir etlike jare in Iran gestrand was nadat die Iranese pa daar dood is, kom oor 2 weke in Stellenbosch aan. Die volgende hulp met hul hervestiging word benodig: * Sielkundige dienste om die trauma te verwerk * Baie basiese behuising (korttermyn 2 weke tot 3 maande) * Meubels en huishoudelike items * Werksgeleentheid * Voorligting aan die kinders mbt studies en toekoms * Ondersteuning en vriendskap om te help met hul integrasie in die gemeenskap * Donasies.
Kontak Jurie (083 235 5920) of Magdaleen (082 427 2924) Goosen of goosens@isales.co.za van die **Internasionale Studentebediening** as jy kan help.

GROENgedagte #130 Die **Earth Charter** se volgende deel gaan oor geregtigheid. Hierdie dinge klink so voor die hand liggend, asof dit 'n gegewe behoort te wees in 'n samelewing.

Social and Economic Justice

> Eradicate poverty as an ethical, social, and environmental imperative.

a. Guarantee the right to potable water, clean air, food security, uncontaminated soil, shelter, and safe sanitation, allocating the national and international resources required.

b. Empower every human being with the education and resources to secure a sustainable livelihood, and provide social security and safety nets for those who are unable to support themselves.

c. Recognize the ignored, protect the vulnerable, serve those who suffer, and enable them to develop their capacities and to pursue their aspirations.

Die reg, of voorreg om skoon water en skoon lug te hê. Om te weet waar vandag en môre se kos vandaan kom en 'n goeie gesonde dieet te kan volg. Om veilige sanitasie geriewe te mag hê – in ons land waar kinders in puttoilette sterf, klink dit hol. Erken dié wat geïgnoreer word, beskerm die kwesbares, dien dié wat swaarkry en bemagtig hulle om hul potensiaal te bereik.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

Sewende week van Lydenstyd

Sondag 14 April 2019

Palmsondag

Tema	Jesus op 'n donkie Jerusalem binne!
Teks	Lukas 19: 28 - 40
Prediker	Monty Sahd
08:45	Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30	Erediens
09:30	Kleuterkerk en Junior Kategese
10:30	Tee en koffie by ons Koinonia Kafee (leeskamer)
18:00	Jeugdiens in die kerksaal

Jaartema: Dissipels groei saam nader aan Christus deur die Gees.

Straatlig koepons is by die kerkkantoor te koop teen R10 elk. Hierdie koepons kan gegee word aan persone op die straat. Die koepon kan geruil word vir 'n nag se slaap by die Nagskuiling, vir 'n bord kos by Bergzicht plein of vir 'n kombers by die Kruiskerk. Kom koop vandag (na die erediens) of gedurende die week by die kerkkantoor.

straatlig

Diensgeleentheid

As jy hou van kosmaak en jy is Maandagoggende vry om hier by die kerkkombuis te kom help, sal die kosspan wat Maandae vir Stellenbosch Nagskuiling kosmaak, baie dankbaar wees as jy kom aanmeld. Ons het ook iemand nodig wat die klaar voorbereide kos by Nagskuiling kan gaan aflaai. Skakel Rina van den Heever (021 886 5975) as jy of jou omgeegroep kan help.

Nuwe Welgelegeners en Dankbaarheidsmaandkoeverte nou beskikbaar

Alles is gereed in die dienswerkers se vakkies om uitgedeel te word. As jy nie 'n dienswerker het nie, kan jy dit by die kerkkantoor kom afhaal. Baie dankie aan almal wat dit in die wyke gaan versprei.

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet 'n lekker koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die leeskamer.

PROGRAM VIR VOLGENDE 2 WEKE: Maandag 15/4 tot Sondag 28/4

Ma 15/4		Groot Lydensweek
Di 16/4	10:00	Groot Lydensweek **Bybelstudie** (Bonheur)
Wo 17/4	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	Groot Lydensweek **Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Kuiertafels**
Do 18/4	19:00	Groot Lydensweek **Meditatiewe Diens** (Elzanne van der Westhuizen)
Vr 19/4	09:30	**Goeie Vrydag** **Nagmaal en Erediens** (Elzanne van der Westhuizen)
Sa 20/4		Stil Saterdag
So 21/4	09:30	**Erediens**: Elzanne van der Westhuizen (**Paasfees**)
Ma 22/4		**Gesinsdag**
Di 23/4	10:00 17:30	**Bybelstudie** (Bonheur) **B-Aksie vergadering** (komiteekamer) **Wyksrade vergader**
Wo 24/4	09:00 & 19:00 09:00 - 12:00	**Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom. **Marktafel en Kuiertafels**
Do 25/4	09:00 - 12:00	**Naaldwerkbediening:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak.
Sa 27/4		**Vryheidsdag**
So 28/4	09:30 09:30 10:30 10:30 18:00	**Erediens:** Nadia Marais Kleuterkerk en junior kategese Tee en koffie en saamkuier by ons Koinonia Kafee Kerkbiblioteek in die vierkant Jeugdiens

Herwinning

Papier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Skoon glasflessies vir konfyt is altyd welkom.

Betaal met SNAPSCAN
(onthou om 'n verwysing in te tik.)

Teken in op ons E-Nuusbrief. Gaan na www.stelwel.co.za, kies "kontak ons" en volg die maklike stappe.

ONS KANTOORURE:
Ma: 09:00 - 13:00
Di - Vr: 08:00 - 13:00

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Geloofsgroei: Genooi om te volg

Hierdie tema wil ons help om Jesus beter te leer ken. Onthou egter dat lees net 'n begin is, want ons leer Jesus werklik ken deur Hom te volg. Hy nooi ons dan ook om agter Hom aan te kom en neem ons stap vir stap deur die lewe. Dikwels lei Jesus anders as wat ons verwag; telkens neem Hy ons waar ons nie wil wees nie. Dis 'n waagstuk om ja te sê vir Jesus.

Almal is welkom om die Geloofsgroei byeenkomste om 09:00 of 19:00 in die konsistorie by te woon. Monty Sahd is die aanbieder. Die tweede kwartaal gaan voort met die reeks wat ook in die eerste kwartaal gevolg is.

Die deuroffer vandag gaan aan Straatlig: Hierdie organisasie bied hulp, ondersteuning en bemagtiging aan werkloses en straatmense, asook weerlose kinders. Programme word aangebied en praktiese hulp gegee. Hul kontakbesonderhede is 021 883 3458 of info@stellumthombo.co.za.

straatlig

Die deuroffer verlede week aan Stellemploy was R2 711. Baie dankie!
Volgende week se deuroffer gaan aan die Arbeidsbediening.

KOINONIA

In hierdie kwartaal van Pase, Hemelvaart en Pinkster kyk ons in ons weeklikse Koinonia gedagte na die verhaal van die Emmausgangers, soos ons dit kan lees in Lukas 24: 13 - 35. In hierdie verhaal is daar verskeie saamwees geleenthede. Saamwees in die Bybel is belangrik. Ons sien dit in die reisverhale, die verbond wat God met sy volk sluit en in die metafoor van die liggaam wat die Bybel gebruik om die kerk te beskryf. Die Here self bind ons saam om ons te lei op sy pad deur die lewe. Die saamwees waarvan die Here ons leer, demonstreer telkens gelykheid. Daar is nooit plek vir hoogmoed en aanstellerigheid nie en die toeganklikheid vir medereisigers op die lewenspad is baie, baie belangrik. Kyk na die verskillende saamwees geleenthede in die verhaal van die Emmausgangers. Sommige is leeg en ander is gevul. Wat maak saamwees LEEG en wat VUL dit met betekenis? Wat maak die saamwees van mense werklik sinvol?

Ons Barmhartigheidstema vir April is werklose mense.

Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. **Hierdie maand samel ons klere, reënklere, komberse en sambrele vir die winter in, asook voedsel en toiletware.** Sit jou bydrae op die B-Aksie se tafel of in die mandjies by die deure of bring asb na die kerkkantoor. *Die deuroffers sluit ook aan by die maand-tema: Stellemploy, Straatlig, Arbeidsbediening en Stellenbosch Voedingsaksie.*